


STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Tegniese Adviseur:** P. J. W. Louw.
**Hulp-Adviseur:** P. H. S. Pieterse.
**Subredakteure:** L. Dekker, L. S. Kruger, M Venter, Mejj. H. Hofmeyr en H. Yssel.
**Administrasie:** J. P. H. Viljoen (voors.), G. J. Wissing, L. J. Nelson, B. J. Kruger.

Deel IV. No. 10. 27 SEPTEMBER, 1949. 3/- per jaar.


# OOM BEN SE AFSKEIDSWOORD

**'n Ander jaar het verbygegaan . . . 'n jaar ryk van gebeurtenisse. 'n Terugblik op die werksaamhede van hierdie jaar stem nie alleen tot dankbaarheid nie, maar ook tot besieling.**

Graag wil ons van die geleentheid gebruik maak om alle studente wat in die afgelope jaar gelewe en gewerk het in belang van ons inrigting, te verseker van ons opregte dank en waardering. U ondersteuning en samewerking, u toegeneëntheid en lojaleteit, word hoog waardeer. Dit was aangenaam en 'n besondere voorreg om te doen wat gedoen is, terwille van u en ons inrigting.

In besonder my dank van my medestudenteraadslede, vir u magtige steun en heelhartige samewerking gedurende die jaar. Deur u hulp en besondere goedgesindheid was ons tot groot dinge in staat. Ons het ons self gestel in diens van ons Alma Mater, en as ons die belange van ons Alma Mater bevorder het, dan was ons moeite en opofferings nie tevergeefs nie, maar ryklik bekroon.

In vergelyking met die ander universiteite in ons land is P.U.K. klein . . . .en tog magtig. Magtig in ons beginsel . ons enigste bestaansreg. Beskou dit as 'n voorreg om aan 'n inrigting te studeer met so 'n besondere beginsel. Waardeer u Alma Mater. Toon deur u optrede in die studentelewe, sowel as in die buitewêreld, dat u waardige studente is, van 'n waardige Inrigting.



B. J. LOMBARD

Drie jaar het heengegaan. 'n Nuwe Studenteraad is saamgestel . . . 'n nuwe voorsitter wag op die taak. Alle sukses en sterkte! Mag u wysheid en krag ontvang ten volvoering van u moeilike taak. Mag dit geskied uit liefde vir ons Alma Mater en tot eer van God.

B. J. LOMBARD.

**Dit is vir ons aangenaam om bekend te maak dat die volgende persone verkies is om op volgende jaar se Studenteraad te dien:**

**Mnr. W. J| de Klerk (voorsitter).**
**Mnr. B. Spoelstra (onder-voors.)**
**Mnr. J. P. H. Viljoen (Penningmeester).**
**Mnr. D. L. Hattingh (Sekretaris).**
**Mnr. P. D. van der Walt.**
**Mnr. R. G. Kriel.**
**Mnr. G. M. J. van Vuuren.**
**Mnr. J. Steenekamp.**
**Mnr. A. P. S. van der Merwe**
**Mej. M. Kok.**
**Mej. R. O'Grady.**

**Namens al die P.U.K.-Studente: Van harte geluk! Ons vertroue rus op u—en ons weet ons sal nie teleurgestel word nie. Sterkte vir die moeilike en verantwoordelike taak wat daar op u wag vir die komende jaar. Van ons kant: Vertrou op ons volle steun om u taak te vergemaklik en by te dra tot 'n gesonde en aangename studentegees vir 1950!**

KOM SIEN ONS
vir u
Fotografiese- en
Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

*Die Kwaliteit tel altyd.*
Probeer hierdie vir Ekonomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pyjamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY
TOD SUTTIE'S
Die Mans Klerewinkel.

STUDENTE!
Vanaf 1 April l.l. het
DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK
(Eienaars van: „Die Vaderland," „Die Brandwag," „Rooi Rose," „Kort en Goed," „Sondagnuus," ens. ens.) nie alleen in daad maar ook in naam in **Potchefstroom** verteenwoordig. Vanaf genoemde datum dryf ons handel onder die naam van
DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK
IN DIE OU "HERALD" GEBOUE
(Kerkstraat 110)
wat tans herbou is in 'n pragtige MODERNE WINKEL vir
BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN PRESENTE.
Ondersteun u Afrikaanse besigheid!
Die Afrikaanse Pers Beperk
Posbus 149. Potchefstroom. Foon 363
(Voorheen DIRK PONS EN KIE.)
Kerkstraat 110.

# *Die Wapad.*

September 1949.

# AFSKEID

'n Jaar is al amper weer verby en al wat nog voorlê is 'n kort vakansie en dan . . . eksamens.

Vanjaar het die „Wapad" weer getrag om voort te bou op wat reeds in die verlede daargestel is; en een van die eerste take was om die blad beter aan sy doel te laat beantwoord, deur die blad elke twee weke i.p.v. elke maand te laat verskyn.

Die vraag kom nou egter by ons op of die blad wel aan sy doel beantwoord sal ons kortliks op die redes vir sy ontstaan moet let. Die blad het sy ontstaan te danke aan 'n diep gevoelde behoefte, weens die feit dat ons studente getalle in die afgelope paar jaar baie toegeneem het, en as gevolg hiervan het persoonlike kontak haas onmoontlik geword. Gevolglik moes 'n weg gevind word om die samehorigheidsgevoel—wat die studentelewe van hierdie inrigting nog altyd gekenmerk het—te beklemtoon en te handhaaf. Die doel van die blad kom dus eintlik daarop neer dat dit 'n **weerspieëling van die verskillende aktiwiteite** in die studentelewe moet wees en in samehang daarmee 'n suiwer Calvinistiese klank moet laat hoor ooreenkomstig ons leuse „In U Lig." Die Redaksie het vanjaar dan ook getrag om sover moontlik aan die doel te beantwoord alhoewel daar een groot struikelblok was en dit is die gemaksugtigheid van die hedendaagse student wat net wil ontvang, terwyl hy of sy self niks wil gee nie. Hier bedoel ons die besonder geringe aantal bydraes wat ons gedurende die afgelope jaar van die studente ontvang ht. Die wat ons wel gekry het, moes meesal eers met 'n gesmeek en 'n gesoebat gepaard gegaan het. As dit die toestand van sake is dan beantwoord die blad beslis nie meer aan sy doel nie, en moet daar gevolglik plek gemaak word vir ander ondernemings wat wel aan hulle doel kan beantwoord. **Ons wil dan ook langs hierdie weg 'n ernstige beroep op al die Pukke doen om die nuwe Hoofredakteur en sy Redaksie volgende jaar ten volle by te staan om sodoende die toekoms van Die Wapad—u eie blad—te verseker.**

Vergun my om ook net 'n woord van hartelike dank uit te spreek teenoor die redaksie en in besonder **Mnr. P. J. W. Louw** die Tegniese Adviseur vir die groot mate van sukses wat hulle tenspyte van die moeilike omstandighede behaal het.

Daar kan egter nie nagelaat word om die Administrasie en veral **Mnr. J. Viljoen,** die Voorsitter van die Administrasie te bedank en geluk te wens met die uiterste bekwame manier waarop hulle die administratiewe sake behartig het. Nieteenstaande die vermeerderde aantal uitgawes het hulle nogtans daarin geslaag om die blad op 'n wins te laat werk.

**Ten slotte groet ons u almal. Sterkte en sukses met die eksamen en daarna wens ons u 'n aangename vakansie asook 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige en voorspoedige nuwejaar toe.**

## GELUKWENSING.

Hiermee wil ons graag die volgende persone gelukwens:

Mej. Heleen Hofmeyr met die toekenning van die Corrie van Rooybeker, Mnr. Perd Venter met die De Klerk-beker, Mnr. Dawid Stoker met „Die Besembos" se nuwe wisselbeker en Mej. A. Davidtz met die skaakbeker.

(Vervolg van bladsy 3, kolom 2).

asemlose bewondering die grassieuse bewegings na as hy in sy dik, vuilpienk rokkie en beblomde haartjies pirouetteer.

**Aansoeke word ingewag tot die 30ste September. Rig versoeke aan:**

**Spykerafdeling,**
**Malherbestraat 20,**
**Potchefstroom.**

# -: KORRESPONDENSIE :-

Geagte Redakteur,

Aan die begin van die jaar het die P.U.K.-senaat 'n publisiteitskomitee aangestel. Vir jare lank het koerante feitlik geen publisiteit aan die P.U.K. verleen nie, totdat 'n student begin het verslae op te stuur. Hierdie student is egter aan die begin van die jaar op diktatoriese wyse die swye opgelê deur 'n lid van die komitee, want slegs die komitee sou berigte na koerante kan stuur. En die gevolg?

Die P.U.K. se eerste rugbyspan het vanjaar nogal 'n paar skitterende oorwinnings behaal. Is daarvan in die koerante melding gemaak? Feitlik nooit. Slegs met die U.K.O.V.S. intervarsity was 'n kort voorberiggie van hulle afkomstig en geen verslag daarna nie. Met die U.P.-intervarsity het ook niks van hulle die lig gesien nie. Wat daar verskyn het, was uit ander bronne afkomstig.

Die Alabama en Toneel het gaan toer. Het hierdie komitee enige berigte voor hulle vertrek deur die land koerante toe gestuur om sodoende propaganda te maak? Ons het dit nie gelees nie. En na hul grootse suksesse? Ook nie.

Ons dames korfbal het vanjaar weereens besonder presteer. Ook daarvan is geen melding gemaak nie.

Is dit billik teenoor die P.U.K. asook teenoor die student wat getrag het om aan P.U.K. publisiteit te verleen?


EK VRA MAAR NET.

Geagte Redakteur,

Aansoeke word ingewag vir 'n mooi jong dame (nie ouer as 13 nie), met 'n gewig van 101 of 255 Kaapse lb. om as vertroeteling te dien vir Jhaan Dsjak, diepsee-duiker, balletdanser en buikspreker. Ongelukkig kan ons nie 'n foto van genoemde Malherriestrater plaas nie, daar die eergevoelige kameralens subiet weier om die korpulente Dsjak te fokus en in stukkies bars as lg. met 'n Donald Duck-grimlag gekombineer met 'n Mighty-Mouse-kompleks poseer. (Vra maar vir Malherrie se fotograaf as u dink ek verdraai die waarheid!) In elk geval, hy lyk **nie** soos die Chimp in Tarsan se rolprente nie.

**Dames, hier is julle kans vir 'n gelukkige huwelik! 'n Plastiese topografiese skildering van Dsjak sal die saak aanloklik stem:** Gewig (voor ete) 295.97 lb.—315.97 (na ete); lengte: 3vt. 6dm. Borsmaat (wanneer asem uitgeblaas is): 20 dm.—met asem: ook 20 dm. Bril, net een linkeroog. Ryk!! Ons Malherries deel ryklik in sy vrygewigheid. 'n Skoorsteen se moses—rook Viceroy en Peter Jackson en met 'n „filterlose" pyp Boxer-twak. Pruim ook. Geselskap: sentimenteel-twakkerig (Boxer) vir ons, maar sal so reg in die kraam van dames val. Toe nou, juffers! Ruk op na Malherries. Inspeksie: 8—10 vm. Middaginspeksie: 3—4. Geweldige spyker- en sleeppotensialiteite sluimerende in Dsjak. Geniale balletdanser wat selfs Madame de Pampoëen van Timboektoe in die skaduwee stel. Kom slaan in

(Vervolg na bls. 2, kol. 3).



**DIE NUWE VELOCETTE 149 c.c.**

Twee-silinder, Waterkoeling, met aandryf-as

£147/10/0

**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30,**
teenoor die Geref. Kerk,
**POTCHEFSTROOM.**

Ons strewe is Diens aan die Publiek.
Service to the Public is the inspiration of our efforts!
Always first with the Latest Shoe Creation.
Altyd eerste met die nuutste skeppings in Skoene.
**Largest Distributors of High Grade Footwear in South Africa.**
**Grootste Distribueerders van Stewels en Skoene in Suid-Afrika.**

**W. M. CUTHBERT**

Posbus—296—P.O. Box
Foon—137—Phone
**POTCHEFSTROOM.**

Skoeisel-Spesialiteite
Footwear Specialists

**POTCHEFSTSROOM**

**DRY CLEANING WORKS**

**FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.**

**PROBEER ONS**

VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.

*Eienaar:*

**P. D. DE WET POTGIETER**

**POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

**BLACK'S**

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

**Posbus 197. Foon 179.**

**KING EDWARDSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

J.N.J. KRITZINGER

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,

Kerkstraat 84, Telefoon 455,

POTCHEFSTROOM.

AS U 'N FOTO WIL SKENK,

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

P. GROBBELAAR

FOON 331.
KING EDWARDSTRAAT 114,
POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER
EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van
Rex Trueform Klerasie.

P. H. JOB

King Edwardstraat 51,
(oorkant Queen's Hotel)
POTCHEFSTROOM.
Foon 1031.

* * *

Agent ELECTION horlosies
Büren, Lanco, Ernest Borel, Renee etc.
VIR EERSTEKLAS REPARASIES
EN GRAVEERWERK.

# Oordenking.

## DEUR GOD BEMIND!

**Ps. 127: 2:** „Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet—net so goed gee Hy dit aan sy **beminde** in die slaap."

Deur God bemind! Wat 'n aangrypende gedagte?

Dis die suiwer klanke van die harp van die geloof, wat hier ruis.

Sonder die Here—alles tevergeefs!

Tevergeefs al die geswoeg en gesloof sonder God!

Van God se seën hang alles af!

Kyk, dis die stem van 'n kind van God, wat ons hier verneem; dis 'n toon van diepe afhanklikheid en rustige vertroue. Dieselfde as die taal van hierdie digter:

O soete Godsbetroue,
Welsalig en behoue,
wie wegvlug derwaarts heen.

Hoe anders tog is die houding van die verdwaasde mens. Hy wil tog so graag op homself steun; deur eie kragsinspanning wil hy self die lewe vir hom voorspoedig maak.

Ja, ons leef in 'n eeu van kragsaanbidding en magsvergoding, 'n tyd waarin alles aankom op brute geweld en onvermoeide energie.

Helder skitter dan hierdie geloofswaarheid in kontras met die taal van 'n afgetamde wêreld—„net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap."

En geagte student, wat is die gedagtes wat in u hart roer, as u so terugkyk op die verbygevloë jaar?

Het u self die huis probeer bou, of self die stad probeer bewaak—dan was u arbeid tevergeefs.

Het u vroeg opgestaan en laat opgebly sonder om te bid om die seën van die Here—dan was u geswoeg en gesloof tevergeefs.

Daar **moet** gebou en gemaak word. Want ons teks kan nie gebruik word as 'n dekmantel om u maar sorgeloos uit te strek op u bed en te wag tot God u seën nie. Nee, u **moet** werk, u moet swoeg; u moet vroeg opstaan en laat opbly, maar dan met die vaste wete en vertroue dat u sukses afhanklik is van die seën van God.

Dit is hierdie selfde waarheid wat die wyse Prediker uitspreek aan die einde van sy worsteling oor die raaisels van die lewe: „Buitendien, my seun, wees gewaarsku; aan baie boeke maak kom geen end nie, en baie studie is vermoeiing van die vlees. Die **hoofsaak** van alles wat ons gehoor het, is: **Vrees** God en hou sy gebooie; want dit is die hele wens!"

En nou—die eksamens lê voor! En gaan u dit in u eie krag en verstand aandurf; gaan u steun op u eie geheue en verstand—kyk tevergeefs—al die geswoeg—„netso goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap."

Ja, aan sy beminde!

Dit is die innige betrekking van 'n kind tot sy vader.

Onse Here Jesus Christus, die beminde van die Vader van ewigheid af, die voorwerp van die ewige liefde van die Vader, Hy is oorgegee tot in die dood in ons plek, sodat ons bemindes van God kan wees. Ja meer nog, Hy het ons sy Gees gestuur, deur Wie ons kan sê Abba Vader! deur Wie ons kan bid. En bid—dit is die erkenning van u diepe afhanklikheid.

Bid—dit is die belydenis—Ek is die klei, u die Formeerder.

Bid—dit is met smekende oë „Vader" sê.

En hierin lê u krag, die waarborg van u sukses—dat God u om Christus ontwil „sy beminde" noem, dat u 'n Vader in die hemel het wat u stryd en worsteling ken en wat u gebede verhoor.

Dan wandel u op die hoogtes vanwaar die siel in die oneindige verte van God se ontfermende liefde kan inblik, dan vaar u met arendsvlerke in die ruimtes van God se genade; dan eers sien u die werklike verband tussen bid en werk en maak u tot u lewensleuse Ora et labora! Bid en werk!

B. DUVENAGE.

Moenie haastig wees nie behalwe as jy vlooie vang.

Daar is mense wat hulle nie laat omkoop nie, maar net laat betaal.—S.B.

# DIE VREUGDEDAG IS VERBY . .

**As die meeste van die studente hierdie woorde lees dan ontsnap 'n sug van dankbaarheid sekerlik! Want dit was 'n dag wat baie sorge, moeite, opofferings en tyd in beslag geneem het.**

Gelukkig was alles nie tevergeefs nie. Ons is dankbaar dat ons plus-minus **die som van £320 kon in,** afgesien van sulke terugslae soos die hewige windstorm wat ten gevolge gehad het dat die publiek die dorp taamlik vermy het.

Maar seker die grootste bydrae van die vreugdedag, is die bydrae wat daardeur gelewer is aan die studentegees. Die P.U.K. studente het soos een man saamgestaan en gewerk. **Daardeur is bewys gelewer dat elke student sy Alma Mater lief het,** dat geen opoffering te groot was om die P.U.K. te dien nie. Inderdaad, die P.U.K. kan trots wees dat hy studente besit wat hierdie inrigting se vaandel oopvou in die wind sodat dit kan wapper na hartelus.—**Waarlik die vreugdedag het getoon dat elke P.U.K. student 'n vaandeldraer is.** U, geagte studente is die lewenskrag van ons inrigting, u is die bloed wat vloei in die P.U.K. se slagare.

Dit alles stem ons tot dankbaarheid. Die hoofbestuur van die Vreugdedag bedank u derhalwe vir alles wat u gedoen het. Elke komitee of bestuur, elke vlothoof met sy helpers, elke fakulteitshoof—ja elke student, gee ons 'n warm handdruk. —Baie dankie.

W. J. DE KLERK
(Leier, Vreugdedag).

## DANKIE!

Die Studenteraad wil langs hierdie weë die hoofbestuur van die Vreugdedag sowel as al die studente baie hartlik bedank vir die ywer wat hulle aan die dag gelê het met die Vreugdedag. Ons waardeer u poging tot insameling van fooie vir die Biblioteekfonds. U organisasie was 'n sukses al het die wind soms gepoog om alles uitmekaar te ruk. Met dankbaarheid kan gemeld word dat die ondersteuning gedurende die dag deurgaans baie goed was. Ongelukkig moes die funksie van die aand finansiëel skipbreuk ly omdat die ondersteuning van die publiek sowel as van die staflede van die P.U.K. betreurenswaardig was. Na al die opofferings moes die studente self maar bydra met trippensgewys om darem die onkoste te delg.

Maar desnieteenstaande dit alles het die studente die dag met vreugde afgesluit. Nogmaals ons hoogste waardering en innige dank.

## Donateurs vir die Vreugdedag.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ingram's Bottle Store .... .... | £2 | 2 | 0 |
| De Bruyn se Skoenwinkel .... | 1 | 1 | 0 |
| Edworks, Limited .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Union Bakery: | | | |
| Mnr. A. Shulman .... .... .... | 3 | 3 | 0 |
| Bergers, Ltd. .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Bloch .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Spavins & Seun .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| J. P. Nel .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Monty Solomon .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Grosvenor Motors .... .... .... .... | 2 | 2 | 0 |
| Pyramid Trading Co. .... .... | 2 | 2 | 0 |
| S. Eliasohn .... .... .... .... .... .... | 2 | 2 | 0 |
| Stanley Motors, Ltd. .... .... .... | 2 | 2 | 0 |
| The Garden Shop .... .... .... | | 5 | 0 |
| Selma's Teekamer .... .... .... | | 5 | 0 |
| A. T. Luke .... .... .... .... .... | | 10 | 6 |
| P. Heller .... .... .... .... .... .... | | 10 | 6 |
| Mooirivier Melkery .... .... .... | | 2 | 6 |
| Hawkey .... .... .... .... .... .... | | 5 | 0 |
| Joys .... .... .... .... .... .... .... .... | | 2 | 6 |
| Black & Kie. .... .... .... .... .... | | 10 | 0 |
| Lurie Bros. .... .... .... .... .... .... | | 2 | 6 |

(Vervolg op bls. 8, kol. 3)


Pukke is altyd hartlik welkom by
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
**ONS VOORSIEN REEDS DIE VOETBALTRUIE EN KOUSE.**
**Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.**
**UNIEWINKELS BPK**
Johannesburg.
**KERKSTRAAT 45. FOON 22-4746.**

**MODERN FURNITURE MART**
**KERKSTRAAT 128,**
VIR AL U MEUBELS.
**„DE WALD RADIOS"** in voorraad sowel as Slaapkamer, Draagbare en Tafelradiogramme.
REDELIKE PRYSE.
Maklike terme kan gereël word.

VRA VIR DIE
Beroemde
*"Bennie Osler"*
RUGBY STEWELS
**„GRAND CHALLENGE", "INTERNATIONAL" EN "JUNIOR"**
vanaf 32/6
* * *
**DE BRUYN SE SKOENWINKELS**
**(EDMS.) BPK.**
**POTCHEFSTROOM.**

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER
**J. P. V.D. WALT.** L.F.V
Apteker
**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**
* * *
**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

**LUCILLE**
DIE ROK SPESIALIS
Altyd eerste met die Jongste.
Foon 62.
**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**




# VERENIGINGS

**As ons 'n uittreksel uit die verenigings se jaarverslae maak, vind ons 'n baie aktiewe jaar daarin weerspieël. As almal wat die mond vol het oor slap gees ens. ens. hierna kyk, sal hulle hopelik 'n paar items sien waaraan hulle volgende jaar hulle steun gaan gee, voordat hulle weer so gou praat.**

**„Korps"** het vanjaar nie minder as drie oorsese proffessore voor hulle laat optree nie, benewens nog twee ander lesings. Prof. De Klerk en Mnr. J. v.d. Walt het ook lesings gelewer. Dit was 'n goeie gebaar (wat hopelik meer dikwels opgevolg sal word) om ook 'n student aan die woord te stel.

Die plaaslike A.S.B.-tak het 'n geweldige program afgehandel onder moeilike omstandighede. Die tak tel nou 395 lede. Die vernaamste op die program was: vier lede-vergaderings, 'n landsdienskamp, 'n grootskaalse kollekte om ons biblioteek te help opbou, aktiwiteite i.v.m. die Reddingsdaadbond, die Potchefstroomse Skakelkomitee, Krugerdag, die kamp by die Monument, die persoonlike ondervraging van naturelle i.v.m. apartheid, 'n hoofbestuurskongres.

Die Alabama-orkes het met 'n stywe bedrag bewys gelewer van die geslaagdheid van hulle Julie-toer, en daarbenewens het hulle twee konserte in Potchefstroom gehou en deelgeneem aan 'n uitsending van die S.A.U.K.

Die Debatsvereniging het 'n aantal programvergaderings en twee intervarsitiekompetisies gehad, terwyl ons geskiedenis gemaak het deur vir die eerste keer 'n skaakintervarsitie (teen U.P.) te reël. In die wedywering tussen die fakulteite het die B.A.-mense die nuwe wisseltrofee gewen wat Prof. Dirk van Rooy aan die skaakvereniging geskenk het.

Die Toneelvereniging was ook aktief vanjaar: hulle het aan die Uniale kompetisies se streekfees en provinsiale fees deelgeneem, aan 'n plaaslike konsert in samewerking met die Alabama, 'n baie geslaagde toer onderneem en in Stellenbosch met 'n eenbedryf teen die ander universiteite meegeding.

# SKAAK

Hoewel die klub eers gedurende die jaar herstig is, was dit 'n grootse sukses.

Die B.A.-span het die Prof. D. van Rooy-beker gebuit. Die uitslae van die toernooie was as volg: B.Sc. klop B.Comm. met 9$\frac{1}{2}$—6$\frac{1}{2}$; B.A. klop B.Sc. 9—7. B.A. klop B.Comm. 14—2.

Totaal: B.A. 23 wedstryde; B.Sc. 16$\frac{1}{2}$ wedstryde; B.Comm. 8$\frac{1}{2}$ wedstryde.

L. S. KRUGER (voors.)

*Wanneer u*

OU VRIENDE(INNE) WIL ONTMOET,
LANG PRETTE WIL MAAK,
LEKKER WIL ONTSPAN,
EN TERSELFDERTYD LEKKER WIL EET,

*Kom na*

**CACHET VERVERSINGSKAMER**

Tee, Koffie, Koeldranke, Eetware, Sigarette, ens., alle tye van die dag verkrygbaar.

Eienaar: H. J. Kruger.

# SPORT

## SEMI-FINALE UNIESKILD-WEDSTRYD

Saterdagoggend (20 Augustus) is ligte aardbewings hier op die bult waargeneem van die benoude ritmiese bewerasie van 9 paar bene! Ons gedugte teenstanders was Heidelberg Normaal. Die fluitjie blaas en Heidelberg gooi af. Die bal beweeg onseker van hand tot hand maar namate die vertroue en vasgeradenheid om te wen styg, word die toeskouers vergas met seepgladde beweginge aan beide kante.

P.U.K. se span, aangevuur deur die toeskouers, was besiel met geesdrif en het 'n spel gespeel soos nooit te vore. Hoewel Heidelberg se dolle uitstekend was het Jessie, Roda en Napoleon telkens die bal voor hulle weggeraap. In 'n blitssnelle beweging het die bal vanaf die verdedigers deur Helen, Helene en Claudine se hande gegly om uiteindelik vanuit die ervare hande van **Chrissie** soos 'n droom deur die ring te skiet. Ook Cilna en Thresia het hul ware kleure getoon deur 'n harde spel te speel.

Vir die toeskouers was daar meer as een oomblik van angstige afwagting en spanning veral in die tweede helfte, toe Chrissie, Cilna en Thresia almal se senuwees wou toets deur „aspris" die bal mis te gooi. Die spanne het een tydstip byna kop aan kop geloop, maar toe die eindfluitjie blaas, was P.U.K. onteenseglik die trotse oorwinnaars. Meester het gewens sy arms was lank genoeg om die hele span te omhels. Pukke het van alle kante op die spelers afgestorm, en hulle gelukgewens met die uitmuntende spel.


Graag wil ons oom Ben bedank vir die wyse waarop hy sy blydskap getoon het, deur ons almal in die Sonskyn te trakteer.

Die groot gebeurtenis is afgesluit met 'n heerlike ete in Thabajäh se vierkant.

HÈLENE.

***„OORVERTEL DEUR SPRINGBOK" Nr. 1***


# Die Man wat nooit 'n Wedloop verloor het nie!



**Eerw. G. W. Rolland, wat dikwels die grootste Suid-Afrikaanse naelloper van alle tye genoem word, het nooit 'n wedloop verloor nie!**

**„Sporting Parson" Rolland, wat reeds as skoolseun 'n ster op die baan was, het sy grootste prestasie behaal met sy 100 tree in 9.6 sekondes . . . dit was in Port Elizabeth in 1882.**

**„Oorvertel deur Springbok" werp die soeklig op 'n ander groot Suid-Afrikaanse baanbreker, nl. Danie Joubert. Sy tyd van 9.4 sekondes, wat in 1931 in Grahamstad aangeteken en 16 jaar later as die wêreldrekord erken is, staan tot vandag nog as die wêreld se rekord oor 100 tree!**






# SPRINGBOK

## *Die Sportman se Sigaret*

U/S 355

Kaspaas: Wissing, hou jy nou regtig baie van dàardie vreeslike bont slaapklere.

Wissing: Ja, nou droom ek in technicolor.

Daar is geen afdraande pal wat na die hoogtes lei nie.

* * * *

Die glimlag is die woord van die wêreldtaal wat deur almal verstaan word.

A. BROUWER.

# DISLOJALE RENEGATE

Iewers in een of ander Engelse boek het ek gelees: "Some people are notorious for their lack of tact, while others are equally notorious for their ignorance." Dit is natuurlik heeltemal in stryd met my regverdige aard om nou te gaan beweer dat die vorige hoofartikel 'n blyk van genoemde twee eienskappe by die skrywer daarvan is, net soos dit ook in stryd met my reeds genoemde regverdige aard is om nie iets ter verdediging van die renegate te sê wat betref hul neigings om te fliek en te spyker nie.

**In die eerste plek**—Ons sing net so goed, indien nie beter nie, as drie jaar gelede, en daarby sing ons al 'n hele paar mooier liedjies as destyds. En dit was maar nou net vir 'n ruk darem wragtie te bitter koud om die geagte skrywer saans op balkonliedjies te trakteer. Een van die mooi aande sal hy om stilte moet begin skree. En die singende wandelaars saans, nou-ja—wat die algemene studente betref, dié het selfs vyf jaar gelede net so min geloop en sing as tans. Toevallig was hier sowat drie jaar gelede 'n trio minnesangers wat hulle teenwoordigheid oral en altyd (en dus ook saans op wandeling) luidkeels op dié manier aangekondig het. Maar hulle was regtig te grappig (sic!) om mooi te kon sing. Maar enige mens is teen wil en dank geneig om die verlede te idealiseer en gevolglik vergelyk die hede met sy vals alledaagsheid maar swak met die helder kleure van die verlede.

**In die tweede plek**—Kliek is een van daardie woorde waarmee heerlik gegoël word, een van daardie molshope waarvan berge gemaak word, maar dis tog nie so 'n groot bedreiging nie: groepering is 'n verskynsel wat die mens se sosiale strewinge deur die eeue gekenmerk het. Maar kliek is so'n lekker ou slagspreuk as ons uit die oog begin verloor dat die mensdom tog geen groot eenvormige en eenkleurige geheel en massa is nie. (On- )willens en (on-?)wetens is die naamlose skrywer dalk self lid van so'n kliek.

**In die derde plek die liewe ou Spyker.** Sy kop is al só op gehamer dat die kante daarvan in moeleloosheid hang en beskeie aardwaarts neig soos Mohammedane teen sonsondergang. En die wegsluip van studente om te gaan spyker. Waarom sluip, en boonop nog skelm-skelm. Dis nou wel baie plasties gestel, maar ek dink die skrywer lees te veel "thrillers." En al die moeite net tot half-agt. Daarvoor is daar mos laat-aande of jy bly doodeenvoudig weg van die liedjies. Nee, party mense loop omdat as jy dit waag om 'n paar grappies te maak terwille van die gesellige atmosfeer, word jy met blitsende oë aangekyk en stilgemaak op voorwendsel dat jy die eerstejaars in hul lereproses steur. Dit maar net so terloops.

Die verwysing na die behaging op die B-veld is ook effentjies onjuis—of beter gestel: die skrywer se inligting is nie outentiek nie. Volgens die „Spykerologiscr Critisch Bulletin" is die B-veld teenwoordig 'n blote simbool met magtige suggestiewe krag, maar 'n terrein van spykerologiese aktiwiteite—aikona! Die naaste wat aan die B-veld gekom word, is sy uiterste grense: die bome en lang gras daaromheen; en daarby die pawiljoen (met huisie) van die A-veld. Maar my sterkste argument teen die valse beskuldiging van die B-veld is die feit dat sedert die verysing van die gerieflike laboratoriums die glorie van die B-veld getoon het, sodanig dat hy teenswoordig in onbruik is.

**Ten slotte die fliek**—Moet nou nie die studente staan en blameer dat hulle massa in die fliek hou nie. Blameer liewer vir ou Metro-Goldwyn-Mayer en daardie Twintigste Eeuse

(Vervolg op bls. 12, kol. 1).

| | | | |
|---|---|---|---|
| J. Hoffman | | 2 | 6 |
| P. van Niekerk, Haarsnyer | | 2 | 6 |
| B. Geldenhuys, Grofsmid | | 5 | 0 |
| Corner Fruit Store | | 2 | 6 |
| Vriende | | 5 | 0 |
| Schalk W. Theron | | 10 | 0 |
| Vriend | | 5 | 0 |
| M. Singer | | 10 | 0 |
| Mnr. De Winter | 5 | 0 | 0 |
| A. P. van Wyk, Slagter | 15 | 0 | 0 |
| H. J. Kruger | 2 | 2 | 0 |
| Mnr. Hefer | 1 | 1 | 0 |
| R. Glaeser | | 5 | 0 |
| G. J. J. van Deventer | | 10 | 0 |
| L. L. Heyman | | 10 | 0 |
| Mooi Rivier Kafee | | 10 | 6 |
| Havenga's Garage | | 5 | 0 |
| Vriend en Vriendin | | 5 | 0 |
| Ooms, Brilspesialiteit | | 10 | 0 |
| P. Grobbelaar | | 10 | 6 |
| Geen & Velleman | | 10 | 6 |
| Jays Garage | 1 | 1 | 0 |
| Alabama Agentskap | | 10 | 6 |
| D. N. Smith | 1 | 1 | 0 |
| W. A. Venter | | 5 | 0 |
| Vriend | | 5 | 0 |
| Modern Furniture Mart | 2 | 2 | 0 |
| J. N. J. Kritzinger | 1 | 1 | 0 |
| Astra Milk Bar | 1 | 1 | 0 |
| L. E. Webster | 1 | 1 | 0 |
| Botha Goosen | 1 | 1 | 0 |
| D. Brummer | | 10 | 0 |
| R. Irons | | 10 | 0 |
| J. H. van Zyl | | 10 | 0 |
| Potchefstroom Herald | | 10 | 0 |
| J. Malan | | 10 | 0 |

Donasies in antwoord op dagvarings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dr. J. Steyn, L.V. | 5 | 0 | 0 |
| Mnr. Richard Amm | 8 | 0 | 0 |
| Mev. Erasmus | 3 | 0 | 0 |
| Mnr. du Plessis | 3 | 0 | 0 |

Ons bedank ook Mnr. I. D. Kruger

(Vervolg in vorige kolom).

vir die plek in die Sonskyn-Koffiehuis afgestaan vir die uitruiling van bussies.

W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Jamal Machineless Cream Perm.*
*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.

## Romanse by die Valle.

Het julle al ooit tevore gehoor
Hoe die valle in die maanlig 'n mens betoor?
Die Pukkies van die toer weet dit elkeen.
Piet, Lucia, Gwen, Marius, Lettie en Heleen.

Dis 'n stil-stil aand, net die water wat bruis
„Maar hier hoort mos perdevelle tuis!"
Dis die praktiese Piet wat dit gaan haal
Met gedagtes wat net om Lucia-lief maal.

Intussen raak die bene lam
Lucia en Heleen gaan sit vas teen 'n stam
Met arms styf om die boom geklem
Luister hulle na die water se stem.

„O! Julle weet, ek wens dis die man
Van my drome wat nou hier by my staan."
Marius, Lettie en seerpotige Gwen
Wat die invloed van die valle baie goed ken.

Die perdevelle kom en die tyd die vlie
„Die laaste aand geniet mens tog, dan nie?"
Styf met 'n kombers om die skouers gedraai
Stap twee paartjies na 'n huisie fraai.

„Dis romanties", sê die gretige Piet—
Weg is Lucia se lange verdriet.
„Van hierdie Tukkie gaan ek hou,"
Is Heleen se gedagtes nou.

Nie te lank toe kry sy 'n armband mooi
En word na Tukkies uitgenooi.
'n Nuwe vrienskap word gesmee
Nou is dit net 'n kwessie van „ja" of „nee."

„Ai, my voete is tog so seer
Slippers moet ek dra of ek kan nie meer."
„Ag, slippers is niks," sê Piet weer gou
Wie pot dan met jou voete nou?"

Stadig stap die groepie terug
Weg van die water, en weg van die brug.
Terug na die wrede werklikheid nou
Met soete herinnerings vir ewig onthou.

Moet nooit te min van jouself dink nie, ook nie te veel nie,—albei kan jou ondergang bewerk.


* * *

As die grootpraters meer weet van die sake waaroor hulle so baie sê, sal hulle waarskynlik minder praat.

Die mense wat die meeste van geheime hou is diegene wat hule nie hou nie.

* * *

Die toets vir 'n man se ware karakter is wat hy sal doen as hy weet dat hy nooit uitgevind sal word nie.

„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.




Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER.

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook".*

Kopiereg RA 1D

DRIE BEROEMDE

**1/6 GENEESMIDDELS:**

**Alma Hartdruppels,**

**Metafos: die groot senuweeversterker,**

**Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.**

**S. M. LEWIS, BPK**

**APTEKERS,**
**POTCHEFSTROOM.**

Potchefstroom
se Mees Moderne
DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van

**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens.**

BY

**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)

**Posbus 221. Foon 440.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE
WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË.

# THABAJAH SE BLOEMFONTEIN

Motte wat saans op digte wieke oor hierdie tuin ronddwaal sal kan getuig van die unieke en seldsame blomsoorte wat hier aangetref word. Die tuin word met sorg bearbei en die tuinier doen besondere moeite om 'n pronkstuk te lewer. Vir belangstellendes word hier 'n paar voorbeelde genoem en u kan verseker wees dat die helfte van die prag nog onbekend is.

**WILKENSIA:**

'n Hoog-opskietende sierplant met 'n goudgeel blomkroon. Die kelkblare is wasagtig en helder deurskynend—'n verdere kenmerk is dat gedurende onweer helder rooi vlekke sigbaar word. Hierdie plant eis noukeurige versorging omdat dit 'n neiging besit om te verwilder. Die waterlote moet gereeld geknip word om die beste blomme te lewer en verder is 'n gereelde Tonil toediening bevorderend vir die skoonheid. Die grond wat beste is vir groeidoeleindes is 'n los mielie-gruisbodem. Growwe bruinbrood en flou koffie lewer ook gewensde resultate.

**MARIA-VORLENSIA:**

Blom word gedra op 'n kort effens dik steel. 'n Oorvloed helderkleurige lang kroonblare. Opvallend is die stempel wat geneig is om opwaarts te buig. Die blom kan onmoontlik verontagsaam word weens 'n besondere ruising van die kelkblare by die ligste tekens van opwinding. Hierdie besondere kenmerk veroorsaak dikwels steuring by die plaaslike tuinier en dreigemente van uitroeiing word dikwels gehoor. Hierdie ongunstige lewensomstandighede dra egter slegs by dat die plant meer floreer.

**HELEENARIUS:**

Kort gekrulde kroonblare. Die plant is en veral gewild in die omgewing van die manskoshuise. Hoewel nie besonder groot is die plant tog sterk en laat hom nie maklik deur ander verdring nie. Die wortels dring in baie vertakkings in. Verder vertoon dit 'n beosnder voorliefde vir 'n korfbalbodem. Die blomsoort is veral tuis in 'n belaaide lug. Dit is besonder mooi gevorm en geskik vir rangskikking aangesien dit kleur aan 'n vaal omgewing leen.

**HELENIA:**

Word veral aangetref in die omgewing van Kosibaai. Lang grasieuse stingerplant. Blomblare talryk en omring die kenmerkend-groot blou blomhartjies. Blomme word in trosse gedra wat besonder beweeglik is sodat die ligste windjie 'n beroering veroorsaak. 'n Daaglikse 4 gallon „orange crush" is nodig vir die beste resultate terwyl Cadburys 'n besonder glans aan die blomhartjies verleen en derhalwe veel bydra tot die skoonheid. Hoewel die blom baie motte trek is daar een spesifieke motsoort wat die ander op 'n afstand hou. Bestel vroegtydig by Hut D.4, Thabajäh aangesien daar net 'n beperkte aantal plantjies is.

TUINJONG.

Die lekkerste aspek van 'n vakansie is nie soseer om self te rus as om al die ander mense te sien werk nie.

K. GRAHAMS.

*LEES*———

**Die Westelike Stem**

**Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.**

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

# 'N DRAMA IN TWEE BEDRYWE

(Tussen 8.30 en 9.30 nm., op P.U.K.)

Verveling het soos 'n vaal miswolk oor vyf Thabajiete gesak. Simptome daarvan het hom op verskeie maniere geopenbaar, soos bv. 'n ongeduldige op-en-neer stappery met gevoude arms, 'n onkurede uitkyk op vyf gesigte en vreeslike fronse tussen vyf paar oë. Ja, die lewe op P.U.K. was sommer sieldodend—„terrible!"

Dit was die begin van die tweede kwartaal 1949. Asof deur 'n magneet getrek het vyf hoofde na mekaar gebuig. 'n Onderlangse gebrom het die nagstilte versteur. Skielik het 'n ondeunde lig in vyf paar oë geflikker. Die drama sou 'n aanvang neem!

**Tema:** Doodgewone tee-stelery.

Handelende persone: Vyf twyfelagtige karakters uit Thabajäh.

**Drag:** Maskers oor die oë, wolkappies oor die hoofde; gesigte behoorlik gesluier; kort springjurke (vir beweeglikheid), voetsole beklee met têkkies.

**Tyd:** 8.30 nm.

**Eerste bedryf:** ..Geruisloos beweeg vyf donker figure op die denneblare langs die watervoor.

Heelvoor sluip 'n paar lang bene grasieus in hulle poging om nie die stilte te versteur nie. Kort op hulle hakke 'n paar dik, gespierde kuite, voortgedra op no. 9 tekkies. Hierop het ons klein vriendin met haar „een-vir-my, een-vir-jou" gevolg. Ons L.V. het met haar vier paar oë vasberade voortgestap, en die agterhoede word gedek deur 'n magnifieke „new-look" dark brown pag-boy Rols."

„Stop! Gevaar!" Toemaar, net twee op 'n bankie. Pasop! Hulle het iets gehoor! Vyf miaau-geluide . . . (Die paartjie, verlig: „toemaar, dis net die katte!") Die gevaar-zone is in sig. By die laaste boom word halt geroep. Krygsraad word gehou. 'n Volledige stilte hang oor die Adamsgeweste. 'n Teekan blink! Die tyd vir handeling is daar! 'n Oomblik slaan vyf harte woes tamboer. Dan word die veilige duisternis verlaat, en met vyf paar voete oor die ligvlak na die tee-hottie. Onthou, geagte lesers, die twyfelagtige karakters was geklee in rampokkersdrag. Toe ons opkyk sien ons die wit piering-oë van die hottie omdop in 'n vaalgeskrikte gevreet: „Aw, aw, isse die crooks, of isse die nonnies!" . . . en die teekan verdwyn in die duisternis saam met voortbewegende figure.

**Tweede bedryf:** Wat hoor ons daar!

(Vervolg op bls. 12, kol. 2).

DIT IS TRADISIE DAT DIE

P.U.K.-STUDENT

van al sy benodighede deur **DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL** voorsien word.

**Studieboeke, Vulpenne, Skryfbenodighede, Populêre Leesstof en Tikmasjiene word in voorraad gehou.**

Ondersteun u eie Boekhandel

DIE

TRANSVALER-BOEKHANDEL

**Foon 497, Kerkstraat 90, POTCHEFSTROOM.**

**Die Firma van DAVY ROBERTSON se ATELJEES**

Alom bekend vir die produksies van die mees moderne **PORTRETTE.**

Ook vervaardig ons **FOTO-RAME.**

DAVY ROBERTSON

Bus 99. Telefoon Nos. 317 & 493.

**POTCHEFSTROOM.**

**Ook te Rautenbachs-geboue, Klerksdorp.**

NOORDBRUG KLEREMAKER

(B. B. AUCAMP, Eienaar).

SPESIALITEIT IN MODERNE SNYKUNS.

*Snit gewaarborg sonder aanpas.*

PAKKE .... .... vanaf £15/15/-

KOSTUUMS .... vanaf £12/12/-

**TOMSTRAAT 55a, POTCHEFSTROOM (Langs Sonskyn).**

(U vriendelike ondersteuning word verlang.—Red.)

DIE NUUTSTE ONTWERPE.

MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE vanaf 29/6

EDWORKS (1936)

**BEPERK**

**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodighede, Draadlose, Koelkaste.

**KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.**

(Vervolg van bls. 8, kol. 2).

Jakkals wat sulke onweerstaanbaar aantreklike (letterlik) films laat maak en vertoon, blameer die onuitputlike rykdom van mooi Amerikaanse “girls” en sulke ouens soos Gregory Peck en Guy Madison, blameer liewer die maatskappye vir hulle mooi sale, gerieflike sitplekke en lae tariewe.

Dit is nou miskien duidelik wat ek met ’n gebrek aan takt bedoel het—kennis is nou darem nie die ergste nie. Maar uitkrytery—dis fataal en gaan die saak nie verbeter nie, wat nog verhelp. Die verskynsels wat die skrywer opgemerk het, is nie simptome van dislojaliteit teenoor die P.U.K. nie. Geeneen van ons is doelbewus dislojaal teenoor ons Alma Mater nie, maar al hierdie verskynsels is uitinge van iets wat veel dieper lê. Ons moet die grondoorsaak baie dieper soek en nou wil ek ’n wenk aan die hand doen.

**In die eerste plek word die tyd waarin ons leef gekenmerk deur ’n vloedgolf van onverantwoordelikheid wat daaroor heenspoel. In die tweede plek wys al hierdie dinge vir my maar net heen op ’n onbewuste drang by die individu na persoonlike vryheid: hy wil hom uitleef, maar dit op weë wat hy self bepaal.**

En as laasgenoemde waar is, dat dit ’n reaksieverskynsel is, is dit ’n ernstige aanklag teen ons stelsels hier (reëls, wette en verpligtinge ad infinitum en ad nauseam, vanuit alle oorde en outoriteite wat jou aan bande lê) net soos die eerste, dat dit blote onverantwoordelikheid is, ’n aanklag teen ons eie self is.

Die kentering moet egter onafwendbaar kom, en dít tewens sal ook ons redding beteken.

LE NOIR CORBEAU.

## PRYSWENNERS.

**Die A.B.K.K. het vanjaar twee pryse van 10/- (tien sjielings) elk beloof aan die persoon of persone wat (a) beste sport-liedjies en (b) die beste balkon-liedjie ingestuur het.**

**Na deeglike oorweging is besluit om die prys vir die beste sportliedjie aan Mnr. H. A. Esterhuizen en Mnr. H. Joubert vir hulle liedjie: P.U.Kaners Afrikaners toe te ken.**

**(b) Die prys vir die beste balkonliedjie gaan aan Mnr. J. C. Steenekamp en J. Kroge vir die liedjie „Op die Denneblare.”**

**Ons wil die here van harte geluk wens met hulle prestasie—mag hulle sukses as inspirasie dien vir ander om te help om die getal studente-liedjies uit te brei.**

(Vervolg van bls. 11, kol. 2).

Die aarde dreun van geluide soos van ’n aanstormende Zoeloe impi. Vrees en verwarring heers onder die rowerbende. Het hulle ons gesien? Ylings vlieg die bome in ons wilde vlug verby. Langs ons dreun die voetgeklap van die tee-dorstige manne! Maar wag! Ons „fliek” mos nie verniet nie! Dis hier waar elkeen van die bende tjoepstil agter ’n boom baan staan—en glimlaggend aankyk hoe die gevaar verby-nael!

Toe almal verby was het ons met onversteurbare kalmte en onverskrokke dapperheid oor ’n sytak van die „mighty-Mooirivier” geswem. Die oorwinning is met „crushes” by oom Kruger gevier onder toesig van ’n paar helde in wie se oë daar agterdog was oor die vreemde gedrag van die dames.

„MA-LENE.”

## VASVRA.

Na verneem word het die Vasvraspan in die Engelse afdeling t.w. Mej. Combrinck en Mnre. De Bruin en Terblanche die onderspit gedelf teen die Natalse-Universiteit. Ons wil hulle hartlik bedank vir die ywer wat aan die dag gelê is en hulle gelukwens met die prestasie om deur te dring tot die semi-finaal.

Diegene wat geen vriende het nie, het minder as diegene wat geen geld het nie.

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN FIETSREPARASIES

SELMA’S TEE-KAMER

KING EDWARDSTRAAT 87.

Foon 933.

BESOEK SELMA’S TEEKAMER,

waar u in stilte en netheid

VERVERSINGS, ETES ens.

Probeer ons eerste vir u

*WINTERBENODIGHEDE*

GROOT VOORRAAD OP HANDE EN PRYSE WAT ELKEEN KAN BEKOM.

:o:

BOTHA GOOSEN

Foon 430 POTCHEFSTROOM Posbus 81

Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.